**Donderdag 30 Maart**
**Skrifgedeelte: Openbaring 1:1-8**
**Fokusgedeelte: Openbaring 1:4 (AFR83)**
**Die Owerste van die konings skenk genade en vrede aan sy koninkryk!**

Die woorde in die begin van die briefaanhef ken ons so goed. “Genade en vrede vir julle” is gewoonlik die inhoud van die groetseën wat ons aan die begin en einde van ’n erediens hoor. Wanneer die apostel Johannes hierdie seën uitspreek, maak hy ook die oorsprong daarvan aan ons bekend. Hierdie genade en vrede kom van die Een wat is, en wat was en wat kom. Die Alfa en Omega van vers 8 word prakties in vers 4 aan ons verduidelik.

Die feit dat dit “Hy is wat was”, verseker Christus se koningskap oor die ganse verlede vir ons. Ons is vrygekoop in die volmaakte offer wat Christus aan die kruis gebring het. Met ander woorde, prakties is daar niks uit die verlede wat ons kan aankla nie. Want wie kan die uitverkorenes van God aankla? God self spreek hulle vry.

Verder beteken “Hy wat is” dat ons ook nou op hierdie oomblik vrede en genade kan ervaar. Christus het nie maar lank gelede in die Nuwe Testament gewerk, ons nou vir ’n ruk alleen gelos, en kom eendag weer werk met die wederkoms nie. Nee, die Koning van konings regeer ook vandag aktief aan die regterhand van die Vader. En ook vandag skenk Christus vrede en genade in elke situasie waarin ons kan verkeer.

Laastens kom die vrede ook van Christus wat kom. Dinge sal nie maar altyd voortgaan van erger na erger nie. Die owerste van hierdie wêreld is reeds oorwin. Ons kan vandag alreeds in die genade en vrede van die verwagte wederkoms van Christus lewe. Wanneer Johannes die vrede en genade uitspreek in Openbaring 1:4, is die oorsprong die Owerste van die konings wat vir ewig bestaan en regeer. Vrede en genade vir jou van Christus die owerste van al die konings van die aarde.

*Sing: Psalm 145-1:1, 2, 9*

*Ds. FR Pretorius (Franscois) (Phalaborwa)*